**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 4747/2011

In die saak tussen:-

**CHRISTIAAN JOSIA OPPERMAN** Applikant

en

**MARTHA ALETTA SILVER** Eerste Respondent

**KAAPSTAD HERWINNING** Tweede Respondent

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 13 DESEMBER 2012

---

[1] Die huidige aansoekdoener was die tweede respondent in hierdie hof en om verwarring te vermy word na die partye verwys soos wat hulle na verwys is in die hof *a quo*.

[2] Hierdie is ‘n aansoek om verlof om te appelleer teen ‘n bevel van hierdie hof wat toegestaan is op 2 Augustus 2012 ingevolge waarvan die boedel van die eerste respondent finaal gesekwestreer is.

[3] Die enigste grond waarop die huidige aansoek gebaseer is, is of die applikant daarin geslaag het om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat

> "daar rede bestaan om aan te neem dat dit tot voordeel van die skuldeisers van die skuldenaar sal strek as sy boedel gesekwestreer word".

Vergelyk artikel 12(1)(c) van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936.

[4] Namens die eerste respondent word aangevoer dat die applikant geen bewys verskaf het ten aansien van die waarde van die bates van die eerste respondent nie, aangesien die waardasie van Hugo, synde aanhangsel "B" tot die funderende eedsverklaring, nie onder eed bevestig is nie en dus ontoelaatbare hoorsê getuienis sou daarstel. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die waarde van die bates blyk uit die beëdigde verklaring van die applikant, tesame met die bewyse van aanbiedings wat gemaak was ten opsigte van die spesifieke bates waaroor die geskil tussen die partye bestaan het. 'n Goeie aanduiding van die

waarde van die eiendom is ‘n skriftelike aanbod vir die betrokke eiendom. Die skriftelike aanbod vorm deel van die applikant se eedsverklaring. In die uitspraak is reeds gehandel met die bateposisie van die eerste respondent en kan die dividend selfs so hoog as 22 sent in die rand beloop, alhoewel my bevinding was dat daar minstens aangetoon is dat die minimum dividend 10 sent in die rand behoort te beloop.

[5] In aggenome al die feite en omstandighede is ek van mening dat daar nie redelike vooruitsigte op sukses in hierdie verband bestaan nie.

Bygevolg word die aansoek van die hand gewys, met koste.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

Namens die applikant: Adv. J.H. van der B Lubbe
In opdrag van:
Gerbers Junius Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die tweede respondent: Adv. B.C. Stoop
In opdrag van:
Schoeman Maree Ingelyf
BLOEMFONTEIN

/spieterse